



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrief@framesby.co.za](mailto:nuusbrief@framesby.co.za)

Uitgawe 96: 2 September 2016

## SKOOLREËLS, VOORKOMS EN REGTE?

Na aanleiding van die onlangse onrus by sommige skole, voortspruitend uit ongelukkigheid oor die bepaalde skole se huishoudelike skoolreëls rakende hare, laat die vraag onwillekeurig opkom tot watter mate skole voorskriftelik kan wees oor dinge soos haarstyle.

Die antwoord is eintlik voor die hand liggend. 'n Skool se stel huishoudelike reëls is die produk van die aanvaarde "gedragsreëls" wat oor jare algemeen deur die bepaalde skoolgemeenskap aanvaar en informeel onderskryf word. Trouens, die algemene gevoel is deesdae dat skoolreëls oorbodig is wanneer die gedrag en leefwyse van almal in 'n skool waardegedrewe is, en dat, sou ons almal dieselfde waardes onderskryf, probleme met iets soos aanvegbare haarstyle bloot nie sal bestaan nie. Dink net. Binne hierdie "utopia" sal jy, wanneer jy 'n bepaalde haarstyl oorweeg, eers seker maak dat jou keuse op geen manier aanstoot sal gee, of dat jou keuse nie sal berus op jou eie interpretasie van wat aanvaarbaar sal wees of nie!

Omdat Framesby, soos die meeste ander skole, 'n bepaalde skooluniform voorskryf, moet daar sekere riglyne neergelê word om te verseker dat die uniform so gemaklik moontlik gedra kan word, EN dat die uniform altyd netjies kan vertoon indien dit korrek gedra word. Bykomend moet riglyne voorsien word rakende bykomstighede soos juweliersware, weer eens met uniformiteit en netheid as norm. Vervolgens kom dinge soos om te skeer, grimering, naels en haarstyle en -kleure ter sprake. By Framesby is die riglyne eenvoudig en lê die klem op netheid en eenvoud. Hare kan nie net na willekeur gekleur word nie, en haarstyle wat oormatig aandag trek is net nie aanvaarbaar nie. Die nuutste mode onder die seuns, die sg. "English Cut", is eintlik baie netjies, maar die gier om die hare aan die een kant stomp af te skeer en dan lang hare bo-op die kop te los, skep probleme omdat dit net te moeilik is om grense neer te lê. As die skade reeds gedoen is, is dit baie moeilik om dit om te keer, en dis gewoonlik waar die probleme begin.

Almal in hierdie skool het onderneem om die reëls te eerbiedig, en almal onderskryf ons waardestelsel. Dis daarom net billik om te verwag dat almal mekaar se menings en regte respekteer, en nie net te maak soos jy wil en dan te kla oor 'n moontlike miskennings van regte nie. Die beste pad om te loop is om **voordat** jy iets doen dit eers met die Graadhoof of Skoolhoof te bespreek. Dit klink erg, maar dit is wat mense doen wat ander respekteer.

## SKOOLFONDS-REKENING

Ons ouergemeenskap is reeds by verskeie geleenthede ingelig dat Framesby sy verbintenis met ABSA vanjaar beëindig het, en dat ons nou 'n kliënt van Eerste Nasionale Bank is. Skoolgeld wat steeds tans in ons ABSA-rekening inbetaal word, gaan binnekort in gedrang kom wanneer die rekening finaal gesluit word. Alle elektroniese oorbetalings, sowel as debiet- en aftrekorders moet daarom so gou as moontlik veskuif word na Framesby se ENB-rekening. Die volledige besonderhede verskyn op die laaste bladsy van hierdie uitgawe.

**BAIE BELANGRIK!**  
Alle ouers met  
Aftrek/Debietorders  
na ABSA  
Plaas asb. oor na  
nuwe ENB-rekening  
ABSA rekening  
binnekort finaal  
gesluit. Lees berig

### VERJAARDAE WIERDIE WEEK

#### Saterdag

Taylin Brown 8B  
Shani Thiar 12B

#### Sondag

Marelize Smit 10G  
Keagan Tait 12E  
Ruan van Jaarsveld 12B

#### Maandag

Talita Barnard 8A  
Cleo de Beer 9C  
Danielle Esterhuyse 8E  
Karla Tait 10G

#### Dinsdag

Marli Classen 12F  
Andre Gerber 10C

#### Woensdag

Juandre Botha 11D  
Karla de Beer 10E  
Janke Helfrich 12D  
Ludevin Parkinson 11A

#### Donderdag

Kean Barnard 10D  
Ilke Meiring 10C

#### Vrydag

Abigail Appelgryn 10A  
Ruche de Klerk 11D

# 2017-LEERDERLEIERS BEGIN HUL TERMYN

Die Monitorbestuur vir 2016/2017 is onlangs verkies en die afgelope Maandag ingehuldig. By hierdie geleentheid is die nuwe hoofleiers ook bekendgemaak.

Die Onderhoofdogter is Keitlin Mitchell en die Onderhoofseun Julian Kleyn. Die Hoofdogter is Caroline Janse van Rensburg, en die Hoofseun is Tiaan Coetzee.

Dis 'n besondere voorreg om 'n Hoofleier van 'n skool soos Framesby te wees, en ook 'n baie groot verantwoordelikheid. Ons wil hierdie leerders graag hiermee hartlik gelukwens met hierdie groot mylpaal, en ook baie sterkte toewens met die harde werk wat voorlê.

Die nuwe Monitorbestuur vertrek vandag na die jaarlikse opleidingskamp wat by Lady Slipper aangebied word, en waar baie tyd aan beplanning vir volgende jaar spandeer sal word. Dit bly elke jaar 'n groot uitdaging om nie net werklik 'n verskil te maak nie, maar om ook iets na te laat wat deel kan word van die Framesby-tradisie. Om in 'n leiersposisie te wees en werklik die beste van die geleentheid te maak, mag soms vra dat jy uit jou "comfort zone" beweeg en die vuil, en dikwels ongewilde, werk maar moet doen. Mag hierdie Hoofleiers, en die res van die MB, wie se name hieronder verskyn, 'n wonderlike kamp hê, en 'n reuse-sukses maak van hul termyn! Nogmaals veels geluk!



## 2017 – GR. 12 DOGTERS

Lisa-Mari Brink  
Janha du Plessis  
Mareli Emiljo  
Jané Loots  
Sanri Marx  
Lise Nel  
Leah Nell  
Stefanie Olivier  
Shania Schutte  
Ansunel van Rooyen  
**2017 – GR. 11 DOGTERS**  
Ingeborg Jordaan  
Vicky Oelofse  
Megan Tait  
Elzabé van Niekerk

## 2017 – GR. 12 SEUNS

Ruan Botha  
Keanu du Plessis  
Jean-Pierre Greyling  
Francois Heunis  
Frans Krause  
Izak Marais  
Jaco McLaren  
Roelof Meyer  
Jason van Tonder  
Janré Viljoen  
**2017 – GR. 11 SEUNS**  
Kyle Gunn  
Luan Ras  
Ruan Reinhardt  
Bernardt Vlok



## PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 3 September	Sondag 4 September	Maandag 5 September	Dinsdag 6 September	Woensdag 7 September	Donderdag 8 September	Vrydag 9 September
MB-kamp	MB-Kamp SAOU Skoolhoofde-simposium	Dag 6 Gr. 12 Eksamen SAOU Skoolhoofde-simposium	Dag7 Gr. 12 Eksamen Atletiek: Kliniek Krieket: Pearson-fees SAOU Skoolhoofde-simposium	Dag 8 Gr. 12 Eksamen Atletiek: Kliniek SAOU Skoolhoofde-simposium	Dag 9 Gr. 12 Eksamen Krieket: Pearson-fees Beheerliggaam-vergadering	Dag 10 Krieket: Pearson-fees Krieket Steak-braai-aand Laerskole Rugby Finale EP Kings vs WP (O/19 & O/21)



# FRAMESBY IS TROTS OP

## NETBALMEISIES VEE ALLE OPPOSISIE PLAT!

Een van ons slagspreuke maak daarop aanspraak dat Framesby die tuiste van wenners is. Dit is ons inderdaad, want niemand hier in Framesby werk en speel om te verloor nie. Dit beteken nie noodwendig dat ons alles wen nie, maar beslis dat jy BAIE hard moet werk om ons te klop!

'n Groepie netbalspeelsters het hierdie slagspreuk egter vanjaar letterlik uitgeleef! Ons O/14 C- en O/14 D-netbalspanne was "awesome en het die 2016-seisoen ONOORWONNE afgesluit! Dis voorwaar 'n wonderlike prestasie, meisies, en ons is BAIE trots op julle. Dis duidelik dat julle vir mekaar en jul afrigter gespeel het, en dat julle dit beslis geniet het. Baie geluk!



Voor: Anneke Bushby (O/K) en Elsje Duckitt  
Agter: Kaleigh Golden, Marika Louw, Ina Botes (K), Dominique Chambers en Michaela Verstraeten

Net om die twee spanne se vertoning bietjie in perspektief te stel: Die C-span het altesaam 131 doele aangeteken en net 58 afgestaan. Die D-span het net so goed gevaar deur altesaam 88 doele aan te teken en net 23 af te staan.

Die oorwinnings teen veral Brandwag, La Rochelle en Nico Malan was besonder soet!

Voor: Tatalia Barnard (O/K), Monet Swanepoel, en Simoné le Grange  
Agter: Karla Barnard, Marli Lategan (K), Annika van der Merwe, Monja van Tonder. Kayla Ferreira was afwesig tot die foto geneem is



## DE-LEON VAAR SKITTEREND BY DIE AFRIKA-KAMPIOENSKAPPE

Ons het verlede week berig oor De-Leon Strydom wat Suid-Afrika by die Afrika Jeug Skaakkampioenskappe verteenwoordig het.

Die Suid-Afrikaanse span het die kompetisie gewen en ook die meeste medaljes ingepalm. De-Leon het pragtig presteer deur 7de in AFRIKA te eindig. Dis 'n uitstekende prestasie De-Leon! Hy beklee tans die 9de plek in Suid-Afrika, maar is die sewende beste O/14-skaakspeler in Afrika. Framesby is ongelooflik trots op jou prestasie, De-Leon. Om alles te kroon is hy ook ingesluit in die OP-span wat later vanjaar aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem. Baie sterkte!

## GROOT ATLETIEKKLINIEK VOLGENDE WEEK

Die wintersporte is skaars verby en ons atlete is al weer hard aan die oefen. Elke middag is die A-veld 'n mieren van bedrywigheid soos almal besig is. Dis wonderlik dat daar soveel entoesiasme onder ons afrigters en atlete is, en dit voorspel net goed vir die seisoen wat voorlê. Volgende week word daar op Dinsdag en Woensdag 'n groot atletiekkliniek hier by die skool aangebied waar ons atlete geslyp sal word deur van die beste afrigters in die land. Baie dankie aan mev. Marinda Cronje vir die inisiatief en reëlings, en ons vertrou dat die kliniek 'n reuse sukses sal wees. Baie sterkte!

# ALGEMEEN EN SIELSKOS

## MATERIALISME BEDERF ONS WAARDES

Materialisme kan byna ongemerk van ons besit neem. Ons leef in 'n samelewing waarin geld en besit so 'n groot rol speel, dat dit byna onmoontlik is om teen die suigrag en die gees daarvan weerstand te bied. Mense se waarde en plek in die samelewing word dikwels op grond van die grootte van hulle inkomste en materiële besit bepaal. Die rykes se skatte verskaf aan hulle aansien en eer, invloed en mag. Ons begeer om hulle as ons vriende te hê en ons word bedwelm deur die glans van hulle weelde. Dit toon reeds dat ons waardestelsel skeefgetrek is.

Die apostel Jakobus bestraf die Christelike gemeente vanweë 'n neiging om aan rykes eer te betoon, maar die armes te verag en te verneder (Jakobus 2:1-8). Daardeur oortree hulle nie net die liefdesgebod nie, maar openbaar ook 'n valse sin vir waardes.

Dit is dan nie meer die liefde wat deurslaggewend in die omgang met mense is nie, maar hulle besit aan geld en mag. Waar dit gebeur, word die morele basis van die samelewing bedreig. Materiële oorweginge word tot 'n bepalende faktor en haas alle beslissings wat val, kan tot 'n materialistiese faktor teruggevoer word. Hieruit word dit duidelik dat dit nie net ryk mense is wat in die greep van materialisme kan beland nie. In die algemeen sal dit waar wees dat ryk mense makliker 'n prooi daarvan kan word, maar dit spreek nie vanself dat arm mense daarvan vry sal wees nie. Ook mense wat relatief min besit, kan so in die greep van 'n materialistiese waardestelsel kom, dat dit hulle hele lewe beheers. Hulle kan so vas raak aan die min wat hulle besit, of so geboei word deur die baie wat ander besit, dat hulle geen vryheid teenoor die materiële kan hê nie. Daarom is dit vir ons almal nodig om te ondersoek watter plek die materiële in ons lewe inneem. Miskien sal ons met skrik ontdek dat ons baie meer aan aardse besittings en materiële dinge geheg is as wat ons self besef. Miskien sal ons ook ontdek dat ons 'n stuk materialisme op ons kinders oordra, deurdát ons hulle onbewus beïnvloed om haas alles in terme van die materiële waarde daarvan te beoordeel. Hulle merk ons ambisie om meer te besit en meer te versamel. Hulle voel aan dat ons met groter ontsag vir rykdom vervul is as vir opregtheid van inbors, eenvoud van gees en diensvaardigheid. En hulle neem dit van ons oor. Of miskien sal hulle in die standpunte wat ons in politieke en maatskaplike kwessies inneem merk dat dit, ondanks al die groot woorde wat ons oor die behoud van ons kulturele en godsdienstige erfenis of oor reg en geregtigheid gebruik, tog nie hierdie dinge is wat vir ons die belangrikste is nie. Hulle mag vermoed dat, as deur al die retoriek heen gekyk word, dit sal blyk dat ons diepste en hoogste waarde tog maar materiële welvaart is.

Uit *Die Burger*, 25 Mei 1994

## BETALING VAN SKOOLFONDS

(Eerste Nasionale Bank-bankbesonderhede)

*Naam van die rekening:*

**Hoërskool Framesby**

*Bank:*

**Eerste Nasionale Bank**  
(First National Bank)

*Takkode:* **250 -655**

*Rekeningnommer:* **62576528859**

*Verwysing:*

In alle gevalle die die betrokke leerder se **Toelatingsnommer** as verwysing. Hierdie nommer is by die Algemene Kantoor beskikbaar

## GR. 12-EKSAMEN VOLGENDE WEEK

Nadat die Matrieks hierdie week met die Voorbereidende Eksamen begin het met CAT en IT-prakties, sowel as die Stelwerk-vraestelle, raak dinge in die komende week redelik ernstig. Die volgende vakke word in die week geskryf. Baie sterkte aan al ons matrieks!

	09:00	14:00
Maandag 5 September	Rekening- kunde	
Dinsdag 6 September		IT Teorie
Woensdag 7 September	CAT Teorie	Eng. HL P2 Eng. FAL P2
Donderdag 8 September	Besigheid- studies	
Vrydag 9 September	Fisiese Weten- skappe V1	